


#10

# 'n Trollie opgedollie

Gee jou ou dranktrollie nuwe glans met bladsilwer en krytverf.

*Deur* **Shelly Bergh** • *Foto's* **Francois Oberholster**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 1/10
**Vaardigheidsvlak** 1/10
**Tyd nodig** 2 uur

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- Annie Sloan-verf in die kleur Graphite
- Annie Sloan Clear Wax
- bladsilwer (te kry by jou naaste handwerkwinkel)
- verguldpasta (kleefmiddel)
- spieëls so groot soos die rakke gesny

**GEREEDSKAP**
- drie verfkwaste: een vir die verf, een vir die kleefmiddel en een met sagte hare om die bladsilwer mee aan te wend
- sagte lappie

**Kyk na die video op netwerk24.com/tuis/.**



## Só maak jy ...











**1** Verf die onderste derde van die trollie se raamwerk met twee lae krytverf; laat die eerste laag goed droog word voor jy die tweede een aanwend. **2** Wag tot die tweede laag verf droog is en wend die was met 'n sagte lappie aan om die verf te seël. **3** Verf verguldpasta aan die boonste deel van die trollie; laat staan tot dit taai raak. Werk in seksies, nie alles op een slag nie. Ons het 'n "organiese" lyn geskep waar die verf en bladsilwer bymekaarkom.









**4** Sit die velle bladsilwer versigtig op die kleefmiddel neer en gebruik die sagtehaarkwas om dit oraloor aan te tik.

**5** Laat die kleefmiddel heeltemal droog word en borsel dan al die oorskiet-bladsilwer af met die sagtehaarkwas.

**6** Sit laastens die spieëls op die rakke neer. Nou kan die partytjie begin!



### [WENKE VIR BLADSILWER]

**Die *Tuis*-medewerker Shelly Bergh het hierdie wenke vir wanneer jy met bladsilwer werk:**

Indien jy 'n oppervlak wil skep wat behoorlik blink, gaan verf nie die paal haal nie. Sommige spuitverwe verskaf heel goeie afwerking, maar jou beste opsie vir 'n werklik metaalagtige glans is bladsilwer (of bladgoud of -koper).

Jare gelede is dun velletjies van die metale self gebruik. En jy kry wel nog egte bladgoud of -sterlingsilwer, maar dis duur; nagemaakte bladmetaal is goedkoper en lyk nes die ware Jakob.

Die velletjies is dun en delikaat en jou eerste probeerslag kan baie frustrerend wees. Maak seker jou hande is skoon en droog – 'n bietjie babapoeier op jou vingerpunte kan help dat dit nie aan jou vel kleef nie.

Bladmetaal word met verguldpasta ("size") aan 'n oppervlak geheg. Wend dié kleefmiddel met 'n goedkoop kwassie aan, want jy sal dit agterna moet weggooi (ek kon nog nooit so 'n kwas skoon kry nie!).

Die pret begin wanneer jy die dun metaalvelletjies op die klewerige gom plaas. Werk baie versigtig, want die velletjies skeur maklik en sit aan jou vas. Plaas die velletjies so na aan mekaar moontlik; laat dit selfs met 'n millimeter of so oorvleuel. Wees maar geduldig; kort voor lank sal jy agterkom die materiaal werk eintlik maklik. Jy kan altyd nog stukkies bladmetaal oor enige oop kolletjies plaas.

Beskerm bladmetaal met 'n oliebasis-vernis om dit langer te laat hou. Geniet dit!

**KONTAK** shellybergh.com